Onderhoud oor Toorbos in Rapport, 27 Julie 2003

Dalene Matthee, die moeder van vier immergroen bosboeke, gesels oor Toorbos, wat vandeesweek by Tafelberg verskyn het.

Deur Sonja Loots

"Ek het gedink dis nou die boek wat ek graag verniet sal wil weggee," vertel Dalene Matthee oor haar vierde bosroman, Toorbos.

"Ek het so honderd afgerolde bladsye in 'n mooi groen vouer gesien. Dan sou ek daar by Goudveld se hek staan, die mense kom graag daardeur, en dan sou ek vir elkeen een gee. Maar die uitgewers wou nie. Hulle is te ongeskik."

Sy loer kwaai na die uitgewer se skakelbeampte, maar lag dan skielik lekker en kap 'n wye es met die gesprek.

"Ek hoop maar die mense koop die boek. Ek het die geld nodig. Ek het te veel gereis en dis die waarheid. Maar dis nou afgehandel. My kinders sê dis nou genoeg. Ek dink hulle is bang ek gee te veel geld uit. Dan kan hulle mos nie erf nie." En dan gee sy weer daardie lekker jolige, rookhoeserige lag.

Skrywer en uitgewer behoort ewe bly te wees dat sy van haar oorspronklike plan afgesien het. Toorbos is nog skaars 'n week op die rak, maar die verkope vorder so fluks dat 'n herdruk reeds bestel is. Die eerste oplaag van 20 000 boeke sal na verwagting oor twee weke uitverkoop wees.

Dalene het egter min lus vir die mediabohaai waarmee 'n nuwe Matthee-boek gewoonlik gepaardgaan. "I've had my day in court. I don't want another day in court. Eerlikwaar en uit my hart uit."

Sy was ook nie dadelik vuur en vlam oor 'n vierde bosboek nie.

"Ek het gedink ek gaat nie hóm ook skryf nie. Néé. In my kop het ek gesê iemand anders kan dit beter doen. In my hart het ek gesê: hulle sal moet góéd wees, want daai ouens is al dood wat my gehelp het."

Maar die laaste bosboek het by haar bly spook, want sy het geglo dat 'n belangrike hoofstuk in die bosgeskiedenis nog onvertel was.

"Iemand moes skryf oor die dag en datum toe die Bos toegemaak is en die houtkappers uitgehaal is. Dit is half 'n plig wat ek had. 'n Gewetenstaak."

Soos met al haar ander boeke het sy deeglike navorsing gedoen voordat sy begin skryf het – in Toorbos se geval oor die laaste houtkappers in die Bos en die werk van die Carnegie-kommissie onder die armblankes daar. Gou was sy meegevoer deur haar gegewe.

"Ek het dit nie verwag nie, maar dit het 'n baie interessante studie geword. Veral M.E.R. (Maria Rothmann) se verslae was vir my van groot belang. Nadat ek dit baie fyn gelees het, het ek respek vir haar. Sy was so akademies korrek. Maar ek het haar nie gespaar nie.

"Sy het probeer, maar sy was te kort in die Bos. Sy was een van die spreeus waaroor ek in die boek skryf: dié waarvan Karoliena sê hulle het nog sagte kos nodig. By die regte probleem – dat die boswerkers opsétlik so verarm is – het sy nooit uitgekom nie."

Sou 'n mens die boek kon beskou as kritiek op die Carnegie-kommissie? "Ek wil net hê iemand moet sê: Maar die bliksems! Hulle het heel laaste by die boswerkers uitgekom en toe was hulle al moeg. Daai ou karretjie was al kláár."

En tog was daar nie net ongelukkige eindes vir die Bos se armes nie.

"Uit die armoede het 'n groeipunt gekom. As jy vandag die nasate sien van die Bos se eenvoudigste mense: ek kan nie vir jou sê watter sterk, gesonde gene uit daai Bos gekom het nie."

In die geheime van goeie gene glo sy soos in die geheime van die Bos: sy is immers 'n direkte afstammeling van die Skotse skrywer sir Walter Scott.

"Dis eintlik 'n embarrassing onderwerp. En tog is daar iets so snaaks. Iewers het die gode my jammer gekry en my die ou man se gene gegee. Ek hou van sy boeke op my rak – al vind ek sy werke moeilik om te lees. In daai tyd was hulle mos nog breedvóérig.
"En ek wil nou nie belaglik wees nie, maar ek hou 'n geraamde portret van hom in my studeerkamer. Dis asof ek vir hom wil sê: Hei, jy moet kyk wat ek hier doen, nè.

"Soms dink ek die ou man kry my jammer. Ek het al partykeer omgedraai en gesê: Jissis, nou't ek darem 'n mooi stuk geskryf. Ek dink jy't my voorgesê."

Sy vertel hoe sy op 'n keer in Skotland afgekom het op haar voorvader se familiewapen. En daar, op die banier se middelstrook, sien sy 'n replika van embleme wat sy jare vantevore op die ingewing van die oomblik op haar studeerkamermuur geverf het: blou vyfpuntsterretjies, 'n geel maan en nog blou vyfpuntsterretjies.

"That was the most uncanny thing. Ek weet nie hoekom ek dit hier sit en vertel nie en die hemel sal weet waarom dit so is, maar daar is iets in die gene. Jy kry dit nie bedink nie."
Dat Dalene, soos haar voorsaat, in murg en been 'n skrywer is, kan enige mens op 'n myl sien. Sy straal soos haar vyfpuntsterretjies wanneer sy gesels oor karakters en paragrawe wat haar plesier verskaf het.

"Een van die heerlikste goed wat ek geskryf het, was die stuk in Toorbos waar Karoliena haarself in 'n boom verander. Dit het vir my vreugde gegee wat hier uit die solar plexus kom. Jitte, sy was nou 'n nice boom, man. Was sy nie 'n nice boom nie?"

Of sy weer sal skryf, weet sy egter nie. "Ek is in 'n worsteling. Ek sit op 'n hoek waar ek moet besluit en daai besluit lê nog ver, want dit moet 'n verantwoordelike besluit wees. Ek weet net een ding: sou ek weer skryf, wil ek asseblief tog net nie nonsens skryf nie.
"My kinders het altyd gesê: Kan Ma nie makliker goed skryf nie? Hy kry haar, hy kry haar nie, hy kry haar. Maar ek kan nie lekker daai goed uitdink nie. Ek moet by die waarheid bly."

Haar bemoeienis met feitlike korrektheid kom van ver. Sy onthou haar ontnugtering toe sy ontdek het Mabalel is 'n fiktiewe karakter.

"Ek het 'n ding oor haar gehad toe ek in die laer skool was. Ek het vir my klingelinge en enkelringe en goeters gemaak van draad wat ek gesteel het uit die garage. Maar my oudste broer is mos vreeslik slim en vernaam. Wie jy, hy kon dit later nie vat nie. Hierdie ding van my oor Mabalel. Toe't hy eendag vir my gesê sy was g'n regtig nie. Dat sy 'n ding is wat hulle opgemaak het.

"Ek kan nie vir jou sê watse skok dit vir my was nie. Dis daai waarheidsding. Hoe kon die meneer vir wie ek soveel respek gehad het vir my 'n leuen geleer het? Iets van daardie skok het my bygebly.

"Toe ontdek ek in st. 6 vir Eva (Krotoa). Ek moes eers gaan vra: Was sy regtig? En hulle sê toe gelukkig ja. And it started to fascinate me. Nog steeds. Dit lê diep in my.
"As hulle vandag vir my sê ek kan een verkeerde ding in die wêreld regmaak, dan vat ek 'n voorhamer en gaan haal Van Riebeeck se statue af en gaan sit vir Eva daar op. Die land skuld haar dit."

Dus: as daar nog 'n boek is, sal dit waarskynlik 'n historiese roman wees. Lesers kan egter vergeet van 'n vyfde bosroman. "'n Tafel met vyf pote is 'n simpel ding. Dis nou kláár."

Sy het die Knysna-bos gegroet toe sy onlangs van Hartenbos na Mosselbaai verhuis het. Nou verlustig sy haar in 'n heel nuwe landskap.

"Ek het 'n ongelooflike nuwe ervaring. Ek woon met my kop in die berge en my voete in die see. Dit is 'n heeltemal nuwe deel. Ek sien vir die eerste keer elke dag die son opkom. Oe, dis mooi. Wie jy, as niemand jou sien nie, voel jy jy wil net so 'n buiginkie gee." En voordat sy vort is uit haar ou huis, het sy al haar ou manuskripte en selfs die pryse vir haar bosboeke in bokse gepak en aan die NALN (die Nasionale Afrikaanse Letterkunde-museum en Navorsingsentrum) geskenk.

"Ek is klaar met al die dinge. Ook hierdie goed wat hulle jou so gee, jy weet. Pryse. Jy waardeer dit, maar jy waardeer dit nie op die regte manier nie. Jy voel iewers skynheilig, want jy weet jy word vir die middelmatige vereer.

"Vereer! Vir wat? Jy weet jy is nog nie by die top nie. Jy is embarrassed, want jy is mediocre."

Nie almal sal met jou saamstem nie, protesteer ek.

"Wag totdat hulle Captain Corelli's Mandolin gelees het," lag sy. "O, vrou! Wie jy wat maak ek? Ek kruip so ónder die tafel in dat niemand agterkom ek het gesê ek kan ook skryf nie." – S.L.

Oor haar skryfgewoontes
"Laat dit nou maar my foefie wees, maar al my boeke het wysies. Elkeen van die bosromans is geskryf terwyl ek na Rossini geluister het. Ek het iewers gelees hy het elke middag in die woud gaan wandel. Dis vir my baie spesiaal. Ek glo hy het 'n energie in daai woud geabsorbeer wat deur sy werk uitgaan, en ek steel dit weer by hom."

Oor haar lesers
"Ek kry die interessantste, vreemdste briewe. Eenkeer kry ek byvoorbeeld een van 'n jong man van Brittanje. 'You kept my sanity,' skryf hy. Hy was in die Golf-oorlog. Toe hy die dag vertrek, gee sy ma vir hom 'n boek. Die boek se naam was Circles in a Forest, en elke aand in die tent het hy hom gaan lees. Daai brief was vir my 'n persoonlike kompliment. Is dit nie wonderlik nie?"

Oor Charles Fryer, die eerste drie bosboeke se redakteur, wat weens siekte moes aftree
"Ek mis Charles soos 'n stukkie brood. Ons het gestry dat jy ons in die straat kan hoor, maar Charles was gewoonlik reg. Charles het my van baie skandes gered, o, Charles het my van baie skandes gered. Deur sy fyn lees, sy fyn oplettendheid. Daai man. . . Ek is baie verskuldig aan Charles." Rapport 27/07/2003